# HOOFSTUK VIII.

## ORGANISASIE VAN DIE KINDERTUINKLASSE.

### 1. Uitrusting en geriewe in 'n kindertuinkamer.

Vraag 13. Watter uitrusting en/of geriewe ag u noodsaaklik vir 'n kindertuinkamer?

TABEL 32.

WATTER UITRUSTING EN/OF GERIEWE AG U NOODSAAKLIK VIR 'N KINDERTUINKAMER?

| Uitrusting en/of geriewe | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) Genoeg tafeltjies en stoeltjies van die regte grootte | 279 | 97.6 |
| (2) Lae skryfborde (vir krabbel) | 268 | 93.7 |
| (3) Veselborde | 209 | 73.1 |
| (4) Lae kunsesels | 166 | 58.0 |
| (5) Genoeg pakplek | 273 | 95.5 |
| (6) Lae kassies (vir berging van leermiddels en voorraad) | 238 | 83.2 |
| (7) Vloermat (vir leerlinge om op te sit) | 224 | 78.3 |
| (8) Lopende water en wasbak | 266 | 93.0 |
| (9) Klavier | 237 | 82.9 |
| (10) Buitedeur wat na speelterrein lei | 187 | 65.4 |
| (11) Goeie beligting; lae vensters | 270 | 94.4 |
| (12) Sandbak | 235 | 82.2 |
| (13) Leeshoekie | 247 | 86.4 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 286 | |

Al die uitrusting/geriewe wat by (1) tot (13) in tabel 32 aangegee word, is in die betrokke vraag in die vraelys gesuggereer. Soos uit tabel 32 blyk, word 11 van die 13 deur meer as 70% van die 286 respondente as noodsaaklik beskou, en selfs die ander twee, te wete 'n buitedeur na die speelterrein en lae kunsesels, word deur 65.4% en 58% onderskeidelik noodsaaklik geag. 'n Groot flenniebord word ook deur 35 van die respondente (d.w.s. 12.2%) as noodsaaklik beskou vir 'n kindertuinkamer, en 21 (of 7.3%) ag 'n natuurhoekie en plante noodsaaklik, terwyl die volgende deur enkele leerkragte genoem is: 'n verklee-hoekie of -kamertjie (2 respondente); 'n verhogie vir dramatisering (3);

'n groot pophuis (2); sakkies aan die tafeltjies om potlode en ander skryfbehoeftes in te bêre (5); hakies om hoede en baadjies aan op te hang (3).

In die Wilks-verslag word tereg daarop gewys dat die kindertuinkamer nie maar net soos enige ander klaskamer moet lyk en net dieselfde uitrusting moet hê nie; anders bestaan die gevaar dat „the atmosphere of free spontaneous activity, so desirable in the infant room, is lost."[1] In hierdie verband meld Hilda Gull dat, net soos elke ambagsman op sy eie gereedskap geregtig is, elke kind geleer moet word om vir die versorging en berging van sekere uitrusting of leermiddels verantwoordelik te wees. Hiervoor is muurkaste nodig; so nie, sluitkassies of klein dosies of sakkies aan die tafeltjies.[2] Edna Mellor beklemtoon ook die noodsaaklikheid van bergruimte in 'n kindertuinkamer, hetsy in muurkaste of op rakke en in sluitkassies,[3] en volgens Alida M. Grey behoort klaslokale wat nie spesiaal vir aanvangsonderwys gebou is nie, van ekstra kaste of staalkabinette voorsien te word waarin die uitrusting veilig weggebêre kan word.[4]

Sommige van die uitrusting wat in tabel 32 aangegee word, bv. tafeltjies en stoeltjies, word al baie jare deur die Departement verskaf en sedert 1958 word daar in elke nuwe kindertuinkamer wat gebou word, 'n wasbak ingesit.[5] Daar is egter ander uitrusting en geriewe waaraan alle leerkragte, soos ook uit tabel 32 blyk, nie ewe veel waarde heg nie; gevolglik moet die skole daarom aansoek doen en dan word die aansoeke deur die Departement oorweeg. Die kindertuinkamers moet in al die behoeftes van die leerlinge

---

1) Wilks-verslag, 1946, p. 50.
2) Gull, Hilda K.F. From two to seven plus, p. 81 - 82.
3) Mellor, Edna. Education through experience in the infant school years, p. 229.
4) Grey, Alida M. Die belangrikheid van spel by die aanvangsonderwys, p. 193.
5) Die Unie, 55 : 322, Mei 1959.

voorsien, maar die hoeveelheid en aard van die uitrusting sal „grotendeels deur heersende opvoedkundige beskouings en die persoonlike belangstelling en onderwystegniek van die onderwyseres bepaal word."[6)]

2. Die gebruik van 'n sandbak.

Vraag 14. Maak u gebruik van 'n sandbak?
Vraag 15. Indien u antwoord op vraag 14 Ja is, waarvoor gebruik u 'n sandbak?

TABEL 33.

MAAK U GEBRUIK VAN 'N SANDBAK?

| | (i) Al die respondente | | (ii) Respondente aan voorbereidingskole verbonde | | (iii) Respondente met kindertuinopleiding | | (iv) Respondente in tweemanskole | | (v) Respondente in eenmanskole | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Ja | 195 | 67.0 | 35 | 87.5 | 85 | 83.3 | 19 | 48.7 | 7 | 31.8 |
| Nee | 96 | 33.0 | 5 | 12.5 | 17 | 16.7 | 20 | 51.3 | 15 | 68.2 |
| TOTAAL | 291 | 100% | 40 | 100% | 102 | 100% | 39 | 100% | 22 | 100% |

TABEL 34.

WAARVOOR GEBRUIK U 'N SANDBAK?

| Gebruike vir 'n sandbak | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) Leeswerk (voorbereiding) | 71 | 36.4 |
| (2) Getalwerk | 98 | 50.3 |
| (3) Omgewingsleer | 171 | 87.7 |
| (4) Modelle bou | 158 | 81.0 |
| (5) Skrif (voorbereiding) | 92 | 47.2 |
| (6) Woordeskat opbou | 58 | 29.7 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 195 | |

Onder (i) in tabel 33 word die antwoorde aangegee van die totale aantal leerkragte (291) wat vraag 14 beantwoord het, en onder (ii), (iii), (iv) en (v) verskyn die antwoorde van vier kleiner groepe leerkragte.

6) Grey, Alida M. Aanvangsonderwys in Suid-Afrika, p. 324.

Uit die gegewens in tabel 33 blyk dat 67% van die totale aantal respondente van 'n sandbak gebruik maak, maar dat die kleiner groepe sterk hiervan verskil. Omdat aspirant-onderwyseresse tydens hul opleiding aangemoedig word om van die sandbak gebruik te maak, is dit nie verbasend dat 83.3% van die respondente met kindertuinopleiding en 87.5% van die respondente wat aan voorbereidingskole verbonde is, daarvan gebruik maak nie. Die rede waarom slegs 48.7% van die respondente in tweemanskole en 'n skrale 31.8% van dié in eenmanskole van 'n sandbak gebruik maak, is, te oordeel na die opmerkings van verskeie leerkragte langs hul antwoorde, dat daar nie plek vir 'n sandbak in hul klaskamers is nie. Dit is jammer, want in 'n klein skooltjie behoort 'n onderwyseres dit juis 'n baie nuttige hulpmiddel in verband met die kleintjies te vind terwyl sy met leerlinge in die hoër standerds besig is.

Tabel 34 toon aan waarvoor die leerkragte wat van 'n sandbak gebruik maak, dit die meeste gebruik. Van die 195 onderwysers(-esse) wat hierdie vraag beantwoord het, gebruik 87.7% 'n sandbak in verband met Omgewingsleer en 81% vir die bou van modelle. Laasgenoemde hoë persentasie staaf mej. H. Bergh se bewering dat die funksie van die sandtafel as leermiddel nou by uitstek 'n hulpmiddel is om modelle op te bou.[7] Soos uit tabel 34 blyk, word 'n sandbak deur 'n aansienlike aantal van die respondente ook vir die volgende gebruik: getalwerk; voorbereiding vir skrifonderrig; voorbereiding vir leesonderrig; opbou van woordeskat.

Die gebruik van 'n sandbak is geensins iets nuuts in Kaaplandse skole nie; net voor haar aftrede in 1919 het mej. Swain, een van die kindertuininstruktrises, al die

---

7) Bergh, H. Die opvoedkundige gebruik van hulpmiddels by aanvangsonderwys. <u>Onderwysblad</u>, 70 : 39, Apr. 1963.

noodsaaklikheid daarvan beklemtoon,[8] maar terwyl sy dit toe slegs vir die illustrasie van verhale noodsaaklik geag het, word dit tans vir 'n groot verskeidenheid aktiwiteite aangewend.

Volgens prof. J.F.A. Swartz lê die geheim van die sandbak se doeltreffendheid as aanskouingsmiddel in die onweerstaanbaarheid van die model vir die kindergemoed, en het dit pragtige moontlikhede omdat werk en spel, werk-erns en verlustiging, juis by die maak van 'n model nie so maklik te onderskei is nie. „Voor 'n goeie sandbakmodel kom 'n mens ..... makliker tot die besef dat aanskouing en aanskoulikheid 'n weg is na belewing, na inlewing en indink, na die les wat meer waaragtig 'n ondervinding is."[9]

3. Die waarde van filmonderwys.

Vraag 16. Maak u van filmonderwys vir u klasse gebruik?
Vraag 17. Indien u antwoord op vraag 16 Ja is, vir watter vak(ke) of afdeling(s) van u werk vind u filmonderwys veral nuttig?

TABEL 35.

MAAK U VAN FILMONDERWYS GEBRUIK?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 132 | 45.7 |
| Nee | 157 | 54.3 |
| TOTAAL | 289 | 100% |

8) S.G.O.-verslag, 1919, p. 46.
9) Swartz, J.F.A. Die sandbak as aanskouingsmiddel. Die Unie, 59 : 33 - 34, Jul. 1962.

TABEL 36.

WAARVOOR VIND U FILMONDERWYS VERAL NUTTIG?

| Waarvoor filmonderwys nuttig gevind word | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Mondeling | 82 | 62.1 |
| Omgewingsleer | 88 | 66.7 |
| Gesondheidsleer | 93 | 70.5 |
| Godsdiensonderrig | 42 | 31.8 |
| Natuurstudie | 10 | 7.6 |
| Taalwerk | 18 | 13.6 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 132 | |

Uit tabel 35 blyk dat 45.7% van die 289 respondente van filmonderwys gebruik maak, en dieselfde tendens word by die onderafdelings aangetref, behalwe in die geval van eenmanskole, waar slegs 27.3% van die respondente van filmonderwys vir hul kindertuinklasse gebruik maak. Die rede hiervoor, soos 'n paar respondente ook langs hul antwoorde geskrywe het, is dat 'n onderwyser(es) in 'n eenmanskool beswaarlik films sal kry wat vir sowel die kindertuinklasse as leerlinge in die hoër klasse geskik is en eenvoudig nie tyd het om vir al die standerds verskillende films te vertoon nie.

Tabel 36 toon aan dat daar werklik net drie afdelings van die werk is waarvoor redelike groot persentasies van die 132 respondente van filmonderwys gebruik maak, te wete Gesondheidsleer (70.5%), Omgewingsleer (66.7%) en mondelinge werk (62.1%). Benewens die werk wat in tabel 36 aangegee word, het leerkragte ook die volgende genoem waarvoor hulle filmonderwys nuttig vind: padveiligheid (4 respondente); voordrag (3); musiek (3); handwerk (5). Altesaam 9 onderwyseresse het gemeld dat hulle graag van filmonderwys sou wil gebruik maak, maar dat hul skole nie oor projektors beskik nie.

Volgens Schonell word strokiefilms al hoe meer in verband met gereedmaking vir leesonderrig gebruik;[10] tog word films en strokiefilms nog glad nie op enigsins groot skaal vir kleinkinderonderwys aangewend nie. Die rede hiervoor is, soos Mellor aantoon, dat daar nog nie genoeg navorsing gedoen is sodat die waarde van filmonderwys vir die kindertuinklasse bepaal kan word nie.[11]

4. Hoeveel uur per week behoort daar vir Godsdiensonderrig, Sang, Gesondheidsleer, Liggaamlike Opvoeding, Omgewingsleer, Kuns en Handwerk afgestaan te word?

In vraag 18 is die leerkragte gevra om aan te dui hoeveel uur per week daar in subst. A, subst. B en st. I vir bogenoemde afdelings van die werk afgestaan behoort te word.

10) Schonell, F.J. The psychology and teaching of reading, p. 108 - 109.

11) Mellor, Edna, op. cit., p. 124 en 229.

TABEL 37(a).

HOEVEEL UUR PER WEEK BEHOORT DAAR IN SUBST. A EN SUBST. B VIR GODSDIENSONDERRIG, SANG, GESONDHEIDSLEER, LIGGAAMLIKE OPVOEDING, OMGEWINGSLEER, KUNS EN HANDWERK AFGESTAAN TE WORD?

| | Subst. A. | | Subst. B | |
|---|---|---|---|---|
| | Aantal leer-kragte | % | Aantal leer-kragte | % |
| (1) Godsdiensonderrig: | | | | |
| Minder as 1½ uur | 55 | 32.0 | 49 | 30.6 |
| 1½ - 2 uur | 94 | 54.7 | 88 | 55.0 |
| Meer as 2 uur | 23 | 13.3 | 23 | 14.4 |
| TOTAAL | 172 | 100% | 160 | 100% |
| (2) Sang: | | | | |
| Minder as 1 uur | 18 | 10.7 | 13 | 8.0 |
| 1 - 2 uur | 137 | 81.6 | 136 | 84.0 |
| Meer as 2 uur | 13 | 7.7 | 13 | 8.0 |
| TOTAAL | 168 | 100% | 162 | 100% |
| (3) Gesondheidsleer: | | | | |
| Minder as 1 uur | 93 | 54.4 | 73 | 45.4 |
| 1 - 1½ uur | 70 | 40.9 | 77 | 47.8 |
| Meer as 1½ uur | 8 | 4.7 | 11 | 6.8 |
| TOTAAL | 171 | 100% | 161 | 100% |
| (4) Liggaamlike Opvoeding: | | | | |
| Minder as 1 uur | 69 | 40.1 | 47 | 29.9 |
| 1 - 1½ uur | 96 | 55.8 | 100 | 63.7 |
| Meer as 1½ uur | 7 | 4.1 | 10 | 6.4 |
| TOTAAL | 172 | 100% | 157 | 100% |
| (5) Omgewingsleer: | | | | |
| Minder as 1 uur | 81 | 47.4 | 77 | 45.6 |
| 1 - 1½ uur | 75 | 43.8 | 69 | 40.8 |
| Meer as 1½ uur | 15 | 8.8 | 23 | 13.6 |
| TOTAAL | 171 | 100% | 169 | 100% |
| (6) Kuns en Handwerk: | | | | |
| Minder as 1½ uur | 43 | 26.1 | 41 | 25.5 |
| 1½ - 2 uur | 69 | 41.8 | 71 | 44.1 |
| Meer as 2 uur | 53 | 32.1 | 49 | 30.4 |
| TOTAAL | 165 | 100% | 161 | 100% |

## TABEL 37(b).

### HOEVEEL UUR PER WEEK BEHOORT DAAR IN ST. I VIR GODSDIENSONDERRIG, SANG, GESONDHEIDSLEER, LIGGAAMLIKE OPVOEDING, OMGEWINGSLEER, KUNS EN HANDWERK AFGESTAAN TE WORD?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) Godsdiensonderrig: | | |
| Minder as 1½ uur | 22 | 14.7 |
| 1½ - 2 uur | 102 | 68.0 |
| Meer as 2 uur | 26 | 17.3 |
| TOTAAL | 150 | 100% |
| (2) Sang: | | |
| Minder as 1 uur | 7 | 4.7 |
| 1 - 2 uur | 137 | 91.9 |
| Meer as 2 uur | 5 | 3.4 |
| TOTAAL | 149 | 100% |
| (3) Gesondheidsleer: | | |
| Minder as 1 uur | 47 | 31.5 |
| 1 - 1½ uur | 88 | 59.1 |
| Meer as 1½ uur | 14 | 9.4 |
| TOTAAL | 149 | 100% |
| (4) Liggaamlike Opvoeding: | | |
| Minder as 1 uur | 29 | 19.6 |
| 1 - 1½ uur | 112 | 75.7 |
| Meer as 1½ uur | 7 | 4.7 |
| TOTAAL | 148 | 100% |
| (5) Omgewingsleer: | | |
| Minder as 1½ uur | 32 | 21.6 |
| 1½ - 2½ uur | 102 | 68.9 |
| Meer as 2½ uur | 14 | 9.5 |
| TOTAAL | 148 | 100% |
| (6) Kuns en Handwerk: | | |
| Minder as 1½ uur | 17 | 11.3 |
| 1½ - 2½ uur | 85 | 56.7 |
| Meer as 2½ uur | 48 | 32.0 |
| TOTAAL | 150 | 100% |

Vir standerds I – V doen die Onderwysdepartement ten opsigte van die verskillende vakke 'n toewysing van die tyd vir onderrigdoeleindes aan die hand, maar in die geval van substanderds A en B word die tydindeling aan die skoolhoofde en die betrokke onderwyseresse oorgelaat, onderhewig aan die goedkeuring van die inspekteur van skole.[12] Die enigste uitsondering hierop is Godsdiensonderrig, in verband waarmee deur regulasie bepaal is dat daar in alle onsektariese skole minstens anderhalf uur per week Godsdiensonderrig in substanderds A en B gegee moet word.[13]

Dit is verontrustend dat, blykens tabel 37(a), byna een-derde van die respondente, naamlik 32.0% by subst. A en 30.6% by subst. B, van mening is dat minder as die voorgeskrewe tyd van minstens 1½ uur per week vir Godsdiensonderrig afgestaan behoort te word. By gebrek aan meer besonderhede aangaande die leerkragte se redes vir hierdie mening of hul gesindheid teenoor Godsdiensonderrig, kan geen betroubare afleiding uit hierdie gegewens gemaak word nie. Daar kan maar net vertrou word dat die kortkursusse vir Godsdiensonderrig wat die Onderwysdepartement die afgelope jare op verskillende plekke in Kaapland gereël het, goeie vrugte sal afwerp.

Wat opvallend is in tabel 37(a), is dat daar, behalwe in die geval van Gesondheidsleer en Liggaamlike Opvoeding, omtrent geen verskil tussen die persentasies vir subst. A en die ooreenstemmende persentasies vir subst. B is nie. Die Departement beveel vir standerds I – V aan dat tweederdes van die tyd wat vir Gesondheidsopvoeding voorgeskryf word, aan Liggaamlike Opvoeding toegewys word en dat die orige een-derde aan Gesondheidsleer gewy word.[14] Hierdie

---

12) Inleiding tot die leerplanne en wenke by die onderwys, dl. I, 4e dr., 1963, p. 8.

13) Leerplan en wenke vir onderwysers. Godsdiensonderrig in onsektariese skole. Primêre standerds, VI, 3e uitgawe, 1963, p. 4.

14) Inleiding tot die leerplanne en wenke by die onderwys, dl. I, 4e dr., 1963, p. 7, voetnoot.

verhouding het die respondente by sowel subst. A as subst. B minstens in gedagte gehou, soos uit tabel 37(a) blyk. Terwyl 54.4% by subst. A en 45.4% by subst. B minder as 1 uur per week vir Gesondheidsleer wil afstaan, is die persentasies van diegene wat minder as 1 uur per week aan Liggaamlike Opvoeding wil bestee, baie kleiner, te wete 40.1 en 29.9 onderskeidelik, en wil betreklike groot persentasies (55.8 en 63.7 vir A en B onderskeidelik) 1 - 1½ uur per week vir Liggaamlike Opvoeding afstaan.

Die volgende toewysing van die tyd vir onderrigdoeleindes, in ure per week, word deur die Departement vir standerd I as leidraad aan die hand gedoen:[15] Godsdiensonderrig, 1½; Sang, 1¾; Gesondheidsopvoeding, 1¾ (twee-derdes hiervan vir Liggaamlike Opvoeding en een-derde vir Gesondheidsleer); Omgewingsleer, 2½; Kuns en Handwerk, 3.

Uit tabel 37(b) blyk dat by Godsdiensonderrig, Sang, Liggaamlike Opvoeding en Omgewingsleer die grootste persentasie van die respondente se mening ooreenstem met die aanbeveling van die Departement. Vir Gesondheidsleer wil slegs 31.5% minder as 1 uur per week afstaan, terwyl die Departement se aanbeveling maar 35 minute (1/3 van 1¾ uur) is, en by Kuns en Handwerk is slegs 32% van die respondente van mening dat meer as 2½ uur vir hierdie werk afgestaan behoort te word, terwyl die Departement aan die hand doen dat 3 uur daaraan bestee word. Dit is insiggewend dat net 12% van die leerkragte met kindertuinkwalifikasies wat hierdie vraag beantwoord het, met die Departement se aanbeveling ten opsigte van Kuns en Handwerk saamstem. Trouens, die enigste groep waarvan die meerderheid ten gunste daarvan is dat meer as 2½ uur per week vir Kuns en Handwerk afgestaan word, is die respondente wat aan tweemanskole verbonde is.

---

15) Ibid., p. 7.

Uit die voorgaande paragrawe blyk dat daar heelwat verskil van mening bestaan betreffende die tyd wat vir onderrigdoeleindes aan verskillende vakke toegewys moet word. Dit is in ooreenstemming met die aanbeveling van die Hadow-kommissie in verband met kleinkinderonderwys. Dié kommissie keur 'n strenge of onbuigsame toewysing van tyd vir werk in die kleinkinderskool af, te meer daar 'n oorvleueling van bedrywighede dikwels onvermydelik is, en is ook teen 'n onbuigsame rooster en vaste lengte vir die lesse gekant.[16] Die aanbeveling in die Wilks-verslag kom hiermee ooreen. Die Wilks-kommissie het gevoel dat daar leiding met betrekking tot die toewysing van tyd gegee moet word, maar verder behoort dit aan 'n ervare kindertuinonderwyseres oorgelaat te word om haar werk na goeddunke te reël en behoort sy vrygelaat te word „to make adjustments in her programme from term to term, and even if necessary from day to day, to meet the educational needs of her charges."[17]

5. <u>Dissipline in kindertuinklasse.</u>

<u>Vraag 19.</u> 'n Verwyt wat dikwels teen die hedendaagse kindertuinklasse gehoor word, is dat die dissipline daar nie streng genoeg is nie. Stem u saam?

---

16) Hadow-verslag, 1933, p. 137 - 8.

17) Wilks-verslag, 1946, p. 53.

TABEL 38.

STEM U SAAM DAT DIE DISSIPLINE IN KINDERTUIN-KLASSE NIE STRENG GENOEG IS NIE?

| | (i) Al die respondente | | (ii) Respondente met kindertuinopleiding | | (iii) Respondente met meer as 10 jaar onderwysondervinding | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Aantal | % | Aantal | % | Aantal | % |
| Ja | 89 | 31.3 | 34 | 33.7 | 24 | 34.3 |
| Nee | 195 | 68.7 | 67 | 66.3 | 46 | 65.7 |
| TOTAAL | 284 | 100% | 101 | 100% | 70 | 100% |

Onder (i) in tabel 38 verskyn die antwoorde van die totale aantal leerkragte (284) wat vraag 19 beantwoord het, en onder (ii) en (iii) word die antwoorde van twee kleiner groepe leerkragte aangegee.

Die gegewens in die drie groepe toon dieselfde tendens, naamlik dat ongeveer een-derde van die respondente Ja en ongeveer twee-derdes Nee geantwoord het. Met ander woorde, slegs sowat een-derde van die respondente is van mening dat die dissipline in kindertuinklasse nie streng genoeg is nie.

Prof. J. Chr. Coetzee wys tereg daarop dat die onderwysers(-esse) in die laagste klasse 'n „geweldige stryd" het om die kindertjies maar net eers te leer om stil te sit en hul goed te gedra.[18)] Volgens Hilda Gull[19)] is daar nie veel verskil tussen dissipline en organisasie nie, en mev. Stolz beklemtoon ook die noodsaaklikheid van organisasie en deeglike voorbereiding van die kant van die onderwyseres en beweer dat daar selde dissipline-moeilikheid voorkom in 'n klaskamer waar elke kind genoeg het om te doen,[20)] en wyle prof. Ben Taute het die jong onderwyser(es) aangeraai om kinders met „waardevolle, betekenisvolle

18) Coetzee, J. Chr., red. Beginsels en metodes van die laer onderwys, p. 29.

19) Gull, Hilda K.F. From two to seven plus, p. 251.

20) Stolz, D.C. Voor- en nadele van differensiasie in aanvangsonderwys. Educa, 16 : 64 - 65, Maart 1965.

bedrywighede" besig te hou.[21] Bekker [22] noem goeie dissipline 'n neweproduk van knap onderrig en Spiel glo dat kalmte essensieel vir goeie klasbeheer is.[23] Volgens die Hadow-verslag oor kleinkinder- en kleuterskole sal daar geen dissipline-probleem wees as 'n kind in 'n natuurlike omgewing is en met natuurlike aktiwiteite besig gehou word nie. „Freedom is essential; and freedom only becomes dangerous when there is nothing to absorb the child's restless activity and provide an outlet for his experimental spirits." [24]

Die streng dissipline van die tradisionele skool word nie meer in die hedendaagse kindertuinklasse aangetref nie, maar wanordelikheid mag nie geduld word nie. Hildreth verklaar dat „children require both freedom and direction."[25] Die skrywer se ondervinding as inspekteur van skole in Noord-Kaapland is dat dít die soort dissipline is wat feitlik deurgaans aangetref word, naamlik 'n mate van vryheid, maar altyd onder behoorlike toesig en leiding van die onderwyseres. Indien die 68.7% van die totale aantal respondente wat van mening is dat die dissipline in die hedendaagse kindertuinklasse wel streng genoeg is, onder goeie dissipline min of meer dieselfde verstaan as Phillips, Wiener en Haring, kan ons volmondig met hulle saamstem:

> A teacher who is always having to try to discipline an unruly class, is wasting much of her time and that of her students ..... Good discipline should be based on a firm, quiet, fair, and reasonable program of order and learning, thoroughly integrated with the student's activities.[26]

---

21) Taute, Ben. Opvoedende onderwys, p. 164.
22) Bekker, J. Verantwoorde skooltug, p. 154.
23) Spiel, O. Discipline without punishment (vertaal). Aangehaal deur Bekker, J., op. cit., p. 191.
24) Hadow-verslag, 1933, p. 143.
25) Hildreth, Gertrude. Readiness for school beginners, p. 162.
26) Phillips, E.L. a.o. Discipline, achievement, and mental health, p. 7 - 8.

6. Doeltreffende strafmiddels.

In vraag 20(a) is die leerkragte gevra om te meld watter van ses aangegewe strafmiddels hulle doeltreffend vind; en in vraag 20(b) is hulle gevra om die drie strafmiddels (enige drie) wat hulle die doeltreffendste vind, in volgorde van doeltreffendheid neer te skryf.

TABEL 39.

WATTER VAN ONDERSTAANDE STRAFMIDDELS VIND U DOELTREFFEND?

| Strafmiddels | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) Berisping | 268 | 88.4 |
| (2) Lyfstraf | 186 | 61.4 |
| (3) Isolasie (of in 'n hoekie laat staan) | 89 | 29.4 |
| (4) Laat skoolsit | 53 | 17.5 |
| (5) Onthouding van 'n vriendelike woord (of ignoreer) | 108 | 35.6 |
| (6) Ontneem van voorregte | 214 | 70.6 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is. | 303 | |

TABEL 40.

DIE DRIE STRAFMIDDELS WAT U DIE DOELTREFFENDSTE VIND.

| Strafmiddels: Doeltreffendheid | Rangorde |
|---|---|
| Berisping | 1 |
| Ontneem van voorregte | 2 |
| Lyfstraf | 3 |

Uit tabel 39 blyk dat 'n baie hoë persentasie (88.4%) van die 303 leerkragte wat vraag 20(a) beantwoord het, berisping as 'n doeltreffende strafmiddel beskou en dat die ontneem van voorregte en lyfstraf deur 'n redelike hoë persentasie doeltreffend gevind word.

Altesaam 280 onderwysers(-esse) het vraag 20(b) beantwoord. In die geval van elke respondent is 3 punte toegeken vir die strafmiddel wat eerste geplaas is, 2 punte vir die tweede en 1 punt vir die derde. Die uitslag word in tabel 40 aangegee.

Ofskoon vraag 20(b) nie as 'n kontrole-vraag vir 20(a) bedoel is nie, toon tabel 40 aan dat dieselfde drie strafmiddels wat in vraag 20(a) deur die hoogste persentasie respondente as doeltreffend aangegee is, in vraag 20(b) die doeltreffendste genoem word en ook in dieselfde volgorde, te wete: berisping; ontneem van voorregte; lyfstraf. Wat spesiale vermelding verdien, is die feit dat al die kleiner groepe (bv. leerkragte in voorbereidingskole, eenmanskole, tweemanskole, ens.) dieselfde drie strafmiddels in dieselfde volgorde van doeltreffendheid aangee.

Dit is nie verbasend dat verreweg die meeste respondente berisping as die doeltreffendste strafmiddel beskou nie. In Gutsche se opname aangaande die frekwensie en doeltreffendheid van strafmiddels verskyn „beïnvloeding deur woorde", wat, net soos berisping, onder „straf met die woord"[27] ressorteer, heel bo-aan die lys.[28] Gutsche se studie het hoofsaaklik op groot kinders betrekking gehad; in die geval van kleintjies kan 'n mens verwag dat berisping net so doeltreffend of nog doeltreffender sal wees, want 'n kindertuinleerling voldoen graag aan sy onderwyseres se versoeke en berisping deur haar sal gewoonlik, indien nie altyd nie, die gewenste uitwerking hê. Die ontneem van voorregte, wat, soos uit tabel 39 blyk, deur 70.6% van die respondente doeltreffend gevind word en in volgorde van doeltreffendheid tweede geplaas is, het veral in die geval

---

27) Coetzee, J. Chr., red. Beginsels en metodes van die laer onderwys, p. 30.

28) Gutsche, C.E.W. Opvoedkundige straf, p. 153.

van klein kindertjies 'n goeie uitwerking. Van die 14 hoofde van juniorskole wat in Gutsche se ondersoek betrek is, het nie een hom daarteen uitgespreek nie en het minstens nege daarvan gebruik gemaak, sodat Gutsche konkludeer dat dit by kleiner kinders met voordeel gebruik kan word, maar by groter kinders moet verskeie faktore in aanmerking geneem word.[29)]

Oor lyfstraf, wat deur die respondente in volgorde van doeltreffendheid derde geplaas is, is daar al baie geskrywe en alle opvoeders stem nie saam oor die wyse waarop dit toegepas moet word nie. Volgens Bekker is dit moontlik om sonder lyfstraf onderwys te gee,[30)] maar hy ag dit nie wenslik dat dié strafmiddel heeltemal afgeskaf word nie, mits dit „as laaste toevlug gebruik word, met groot verantwoordelikheid en insig, in die regte gesindheid ....."[31)] Du Toit beweer dat die afskaffing van lyfstraf 'n onreg teenoor sowel die kind as die onderwyser sou wees,[32)] en Gutsche voel dat dit verkeerd sou wees om lyfstraf op skool deur wetgewing te verbied.[33)] Volgens Coetzee moet dit „alleen in die uiterste gevalle en wel as laaste redmiddel" toegepas word[34)] en Bagley dring daarop aan dat, wanneer lyfstraf toegedien word, dit baie versigtig („with extreme caution") moet geskied.[35)]

Die bespreking van lyfstraf in die voorgaande paragraaf het hoofsaaklik op groot kinders betrekking en in hulle geval word dit feitlik sonder uitsondering op die sitvlak toegedien. Meer as 30 van die respondente wat lyfstraf by vraag 20 as 'n doeltreffende strafmiddel aangedui het, het bygeskrywe dat hulle daarmee net 'n „ligte

29) Ibid., p. 185 - 6.
30) Bekker, J., op. cit., p. 115.
31) Ibid., p. 122.
32) Du Toit, J.J. Tug, vryheid en straf in die opvoeding, p. 28.
33) Gutsche, C.E.W., op. cit., p. 217.
34) Coetzee, J. Chr., red. Beginsels en metodes van die laer onderwys, p. 30.
35) Bagley, W.C. School discipline, p. 194.

tikkie" of 'n „rapsie" bedoel. Ons kan aanneem dat nagenoeg almal dit só bedoel het, en as dit die geval is, is dit begryplik dat 'n hoë persentasie kindertuinonderwysers(-esse) lyfstraf doeltreffend vind en dan kan ons ook met vrymoedigheid met hulle saamstem.

Wat die ander drie strafmiddels in vraag 20(a) betref (sien tabel 39), moet ons daarop wys dat isolasie (of afsondering, of in 'n hoekie laat staan) beslis waardevol is by klein kindertjies, mits dit met omsigtigheid toegepas word,[36] maar dat skoolsit „propvol angels" is[37] en dat dit geensins verbasend is dat slegs 17.5% van die respondente dit in die hedendaagse kindertuinklasse doeltreffend vind nie. Die onthouding van 'n vriendelike woord, wat deur 35.6% van die respondente as 'n doeltreffende strafmiddel beskou word, kan stellig met groot vrug in die kindertuin aangewend word, waar dit vir 'n ses- of sewejarige kind 'n swaar straf is as sy onderwyseres, by wie hy graag in die guns wil staan, vriendelik teenoor sy maatjies is en feitlik geen notisie van hom neem nie.

7. Moet daar jaarliks 'n Ouersdag by die skool gereël word?

Vraag 21. Is u ten gunste van 'n Ouersdag by u skool (d.w.s. 'n dag een keer per jaar wanneer die ouers uitgenooi word om 'n besoek aan die klaskamers te bring)?

TABEL 41.

IS U TEN GUNSTE VAN 'N OUERSDAG BY U SKOOL?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 235 | 78.9 |
| Nee | 25 | 8.4 |
| Weet nie/kan nie sê nie | 38 | 12.7 |
| TOTAAL | 298 | 100% |

36) Vgl. Gutsche, C.E.W., op. cit., p. 165.
37) Bekker, J., op. cit., p. 171.

Die antwoorde van die 298 respondente in tabel 41 laat geen twyfel dat die oorgrote meerderheid ten gunste van 'n jaarlikse Ouersdag by hul skool is nie.

Mellor bespreek die waarde van periodieke besoeke aan die skool deur ouers, sodat hulle 'n insig kan kry in die onderwysmetodes wat in die moderne kleinkinderskool gevolg word.[38] Hildreth beveel ook aan dat ouers uitgenooi word om van tyd tot tyd die skool te besoek en dat daar dan by 'n geleentheid later in die jaar 'n spesiale program afgehandel word.[39] Gull vind dit jammer dat daar net een keer per jaar 'n Ouersdag gereël word om probleme te bespreek; sy wil graag hê dat die ouers meermale by die skool byeengebring word en dat daar ook interessante programme afgehandel word.[40]

Mary Smith vertel van 'n skool in Amerika („Akeley Campus School") wat een aand in die jaar deur vaders van skoolgaande kinders besoek word. Nie alleen sien die vaders wat hul kinders in die skool doen en leer nie, maar hulle leer ook die onderwysers(-esse) ken en het dan die vrymoedigheid om die skool enige ander tyd ook te besoek. Vandat „Dad's Night" 'n jaarlikse instelling by die skool geword het, het die vaders se belangstelling dwarsdeur die jaar baie groter geword. „This special hour is a rich experience for the child, his father and the teacher."[41]

Funksies soos dié wat hierbo beskrywe is, kan betreklik maklik by voorbereidingskole gereël word, en dit is nie verbasend dat 'n besonder hoë persentasie (88.1) van die respondente wat aan voorbereidingskole verbonde is, ten gunste van 'n Ouersdag is nie. In eenmanskole, waar

---

38) Mellor, Edna. Education through experience in the infant school years, p. 89.

39) Hildreth, Gertrude. Readiness for school beginners, p. 239.

40) Gull, Hilda, K.F., op. cit., p. 283.

41) Smith, Mary A. Dad visits kindergarten. Childhood Education, 40 : 242 - 3, Jan. 1964.

aanvangs- en hoër klasse in dieselfde lokaal gehuisves word, is dit egter ondoenlik om al die ouers na die klaskamer te nooi en sal 'n Ouersdag nie by almal dieselfde belangstelling wek nie. Dit is waarskynlik die rede waarom slegs 60% van die respondente in eenmanskole ten gunste van 'n jaarlikse Ouersdag is.

8. Behoort daar meer voorbereidingskole gestig te word?

Vrae 23 en 24. In vraag 23 is die leerkragte gevra of daar meer voorbereidingskole (met net subst. A-, subst. B- en st. I-leerlinge) in Kaapland behoort te wees. In vraag 24(a) is die onderwysers(-esse) wat by vraag 23 Ja geantwoord het, gevra om die redes vir hul antwoord te verstrek; en in 24(b) is diegene wat by vraag 23 Nee geantwoord het, gevra om hul redes te verstrek.

TABEL 42.

BEHOORT DAAR MEER VOORBEREIDINGSKOLE GESTIG TE WORD?

| | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Ja | 221 | 77.5 |
| Nee | 64 | 22.5 |
| TOTAAL | 285 | 100% |

TABEL 43.

REDES VIR 'N BEVESTIGENDE ANTWOORD OP VRAAG 23.

| Redes (Ja) | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) Doelmatige skoolgeboue wat in behoeftes voorsien | 160 | 74.1 |
| (2) Kindertuinonderwyseresse kan volle aandag aan hul werk bestee | 190 | 88.0 |
| (3) Net klein kindertjies op die speelterrein | 131 | 60.7 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 216 | |

TABEL 44.

REDES VIR 'N ONTKENNENDE ANTWOORD OP VRAAG 23.

| Redes (Nee) | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| (1) Geen nuwe aanpassing in 'n ander skool ná st. I nie | 46 | 80.7 |
| (2) Leerlinge in 'n voorbereidingskool vorm 'n geïsoleerde groep | 24 | 42.1 |
| (3) Kinders leer van kleins af om hul man te staan (op die speelterrein) | 46 | 80.7 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 57 | |

Uit tabel 42 blyk dat verreweg die meeste, naamlik 77.5% van die 285 leerkragte wat vraag 23 beantwoord het, van mening is dat daar meer voorbereidingskole in Kaapland behoort te wees.

Tabel 43 toon aan dat al drie die redes wat in vraag 24(a) vir 'n bevestigende antwoord gesuggereer is, die sienswyse van groot persentasies van die respondente weerspieël. Ander redes wat deur verskeie leerkragte genoem is, is die volgende: „In 'n voorbereidingskool pas skoolbeginners makliker aan" (10 respondente); „die hoof van 'n voorbereidingskool het baie kennis van kindertuinwerk" (12); „die lesure is korter om by die kleintjies aan te pas" (3); „daar is beter toerusting as in die kindertuinafdeling van 'n hoër- of laerskool" (5).

Soos uit tabel 44 blyk, weerspieël twee van die drie redes wat in vraag 24(b) vir 'n ontkennende antwoord gesuggereer is, die sienswyse van 'n baie groot persentasie (in albei gevalle 80.7%) van die respondente; slegs die volgende rede gee die mening van minder as die helfte (42.1%) van die respondente weer: „Leerlinge in 'n voorbereidingskool vorm 'n geïsoleerde groep." Nog twee redes waarom sommige leerkragte nie ten gunste daarvan is dat meer voorbereidingskole gestig word nie, is: „In 'n

laerskool word die kinders gouer selfstandig as in 'n voorbereidingskool" (4) en „skoolbeginners is veiliger op pad skool toe en terug wanneer hulle in dieselfde skool as hul ouer broers en susters is" (3).

Toe die verslag van die Fremantle-kommissie in 1912 opgestel is, het die voorsitter 'n Ontwerp-Ordonnansie ook laat opstel. Daarin word die stigting van vier tipes skole aanbeveel wat sover moontlik onafhanklik van mekaar moet bestaan, en een van die vier is „bewaarscholen"[42] (wat vandag in Kaapland as voorbereidingskole bekend staan).

Die beleid van die Onderwysdepartement het die volgende paar jaar in die rigting van afsonderlike voorbereidingskole geneig en in 1920 verskyn daar in die Onderwysgaset 'n belangrike kennisgewing wat met die volgende woorde afgesluit word:

> Just as it has been found necessary to aim at the separation as far as possible of primary from secondary education, so it is undoubted that primary education should be separated from sub-primary.[43]

Die skole wat in Kaapland voorbereidingskole genoem word, word in Transvaal juniorskole genoem. Die Nicol-kommissie het onder die indruk gekom van die „algemene doeltreffendheid en die vriendelike en verheffende gees" wat in hierdie skole heers en het aanbeveel „dat dit die aanvaarde beleid van die Provinsie moet wees om junior skole op te rig."[44] In die Wilks-verslag is ook aanbeveel dat daar vir meer voorbereidingskole (in Natal bewaarskole genoem) voorsiening gemaak moet word en wel vir leerlinge tot in standerd I.[45]

In 1958 het die Transvaalse Onderwysersvereniging 'n memorandum opgestel waarin daar vir die behoud van juniorskole gepleit word. Dit het gevolg op 'n besluit van die Onderwysdepartement om nie meer nuwe juniorskole

---

42) Fremantle-verslag, 1912, p. 280.
43) The Education Gazette, 19 : 1052, 13 Mei 1920.
44) Nicol-verslag, 1939, p. 75, par. 243.
45) Wilks-verslag, 1946, p. 16.

te stig nie en om selfs bestaande juniorskole tot gewone laerskole te laat ontwikkel. In die memorandum word toegegee dat die besluit van die Departement „organisatories en geografies geregverdig kan word", maar om opvoedkundige, maatskaplike en professionele redes word daar vir die voortbestaan van juniorskole gepleit.[46] 'n Komitee, saamgestel uit die Raad vir Huis en Skool en 'n paar ander liggame en individue, het ook in 1958 'n memorandum oor hierdie aangeleentheid aan die Transvaalse Onderwysdepartement voorgelê en ook op opvoedkundige, maatskaplike en professionele gronde vir die voortbestaan van juniorskole gepleit.[47] Die twee memoranda het egter geen uitwerking op die besluit van die Transvaalse Onderwysdepartement met betrekking tot juniorskole gehad nie.

Wat Kaapland betref, is die beleid van die Departement in 1947 deur die S.G.O. gestel. Op die S.A.T.A.-Kongres wat in 1946 plaasgevind het, is 'n goed gemotiveerde beskrywingspunt aangeneem waarin gevra word dat voorbereidingskole vir leerlinge tot en met standerd I opgerig word. Hierdie beskrywingspunt, gesteun deur die S.A.O.U., is aan die Onderwysdepartement gestuur en die S.G.O. se antwoord daarop was:

> I am in agreement with the principle stated here. Already, where the numbers justify it, the policy of establishing separate preparatory schools has been carried out .....[48]

Dit is nog steeds die beleid van die Kaaplandse Onderwysdepartement om afsonderlike voorbereidingskole op te rig en daar is tans 39 sodanige skole.[49] Volgens tabel 42 verlang 77.5% van die 285 respondente dat daar méér voorbereidingskole opgerig moet word. Dit is 'n hoë

---

46) Transvaalse Onderwysersvereniging. Memorandum. Juniorskole in Transvaal. Afgerol, 1958, p. 1-4.

47) Die Raad vir Huis en Skool e.a. Memorandum. Die plek van die juniorskool in die Transvaalse onderwysstelsel. 'n Pleidooi vir die behoud en uitbouing van die juniorskool. Afgerol, 1958, p. 1-9.

48) Education, 57 : 70, Mei 1947.

49) Sien hoofstuk I, p. 11.

persentasie, maar wat veral insiggewend is, is die feit dat nie minder nie as 95% van die respondente wat aan voorbereidingskole verbonde is en dus oor eerstehandse kennis beskik, ten gunste daarvan is dat meer sodanige skole opgerig moet word.

9. Die bevordering van kindertuinleerlinge.

(a) Vraag 36. Wie behoort aan die einde van die jaar te besluit of 'n leerling in enigeen van die drie kindertuinklasse (subst. A, subst. B, st. I) na die volgende (sub)standerd bevorder moet word?

TABEL 45.

WIE BEHOORT OOR DIE BEVORDERING VAN DIE LEERLINGE TE BESLUIT?

| Wie oor die bevordering moet besluit | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Die klasonderwyser(es) | 298 | 98.0 |
| Die skoolhoof | 162 | 53.3 |
| Die kindertuininspektrise | 75 | 24.7 |
| Die omgangsinspekteur | 34 | 11.2 |
| Totale aantal respondente waarop persentasies bereken is | 304 | |

In vraag 36 is nie gevra wie die mééste seggenskap by die bevordering van leerlinge in kindertuinklasse moet hê nie, want die ondersoeker wou nie die indruk skep dat leerkragte en departementele amptenare teen mekaar afgespeel word nie. Daar is slegs gevra wie behoort te besluit en, aangesien dit twyfelagtig is of net een persoon oor so 'n belangrike saak behoort te besluit, is in die vraelys gemeld dat die leerkragte desverkiesend teenoor meer as een 'n kruisie mag maak. Niks het 'n leerkrag belet om selfs teenoor al vier kruisies te maak nie.

Die gegewens in tabel 45 sal stellig vir meer as een skoolhoof en inspekteur(-trise) 'n openbaring wees. Dit is nie verbasend dat byna al die respondente

(98%) van mening is dat die klasonderwyser(es) oor die bevordering, al dan nie, van haar leerlinge moet besluit nie. Wat egter wel verbasend is, is dat nouliks die helfte (53.3%) van die respondente die skoolhoof 'n aandeel in die klassifikasie van die leerlinge in sy skool wil laat hê, en dat slegs 11.2% hierdie reg aan die omgangsinspekteur wil toeken.

Die Fremantle-kommissie het in 1912, toe daar nog individuele inspeksie was en slegs die inspekteur van skole besluit het of 'n leerling moet slaag of druip, aanbeveel dat die beslissing in die eerste plek aan die onderwyser(es) oorgelaat word, „doch dat de inspekteur het recht zal hebben, de klassifikatie te veranderen, of ze zelf te doen, voor het geval hij dit noodzakelik acht .....„[50]

Met verloop van tyd het skoolhoofde al hoe meer seggenskap in die bevordering van leerlinge gekry, maar die omgangsinspekteur moes nog al die jare in die aangeleentheid geken word. Die standpunt wat die Onderwysdepartement handhaaf, word in die volgende duidelik gestel:

> Bevordering behoort in beraadslaging met die Inspekteur van Skole te geskied, wat algemene voorskrifte in sy omgang kan gee, of spesiale reëlings kan tref om in die behoeftes van enige besondere skool of groep skole te voorsien ....[51]

Ons kan ons beslis nie vereenselwig met die sienswyse van die respondente soos dit in tabel 45 weerspieël word nie. 'n Skoolhoof behoort elke klasonderwyser(es) te raadpleeg en enige reggesinde skoolhoof sal ook baie waarde aan die aanbeveling van die klasonderwyser(es) heg, maar dit is die hoof van die skool wat in die laaste instansie behoort te besluit watter leerlinge kan slaag en watter moet druip. Dit doen hy, soos die Departement dit stel, „in beraadslaging met die Inspekteur van Skole."

50) Fremantle-verslag, 1912, p. 134 en 260.
51) Inleiding tot die leerplanne en wenke by die onderwys, dl. I, 4e dr., 1963, p. 38.

Die kindertuininspektrise kan in die loop van die jaar geraadpleeg word oor die vereistes wat gestel behoort te word, maar omdat sy nie eens een keer per jaar by elke skool kom nie en boonop 'n baie groot gebied moet dek, kan daar nie van haar verwag word om oor die bevordering van die leerlinge te besluit nie.

(b) Vraag 37. Wanneer is vir 'n leerling wat die werk van vroeg in subst. A af al moeilik vind, na u mening die beste om te druip?

TABEL 46.

WANNEER BEHOORT 'N swak LEERLING TE DRUIP?

| Standerd | Aantal leerkragte | % |
|---|---|---|
| Subst. A | 235 | 79.4 |
| Subst. B | 47 | 15.9 |
| Standerd I | 14 | 4.7 |
| TOTAAL | 296 | 100% |

Uit tabel 46 blyk dat verreweg die meeste respondente van mening is dat 'n leerling wat die werk vroeg in sy skoolloopbaan al moeilik vind, in subst. A behoort te druip, en dat 'n geringe 4.7% meen dat hy in st. I behoort te druip. Dié sienswyse is nie in ooreenstemming met die standpunt van leiers op opvoedkundige gebied in Kaapland nie.

In 1956 skryf P.J. Rossouw, latere Hoofinspekteur van Skole in Kaapland, in 'n artikel in „Die Unie" dat dit 'n uitsondering moet wees as 'n kind meer as twee jaar in die substanderds deurbring. As dit uit die staanspoor duidelik is dat 'n leerling êrens sal agter raak en 'n jaar sal moet verloor, behoort dit so vroeg moontlik plaas te vind. Volgens Rossouw moet die „sifting" in st. I of II geskied.[52)]

52) Rossouw, P.J. Bevordering in en uit die primêre skool, II. Die Unie, 52 : 223, Febr. 1956.

D.J. Liebenberg, destyds Hoofinspekteur van Skole en latere Superintendent-generaal van Onderwys in Kaapland, het in dieselfde jaar op 'n vergadering van die S.A.O.U.-tak op Montagu dieselfde mening uitgespreek. Volgens hom moet bevordering in die substanderds outomaties wees. „As 'n kind vertraag moet word, moet dit in st. I of II geskied, aangesien dit die periode is wanneer die kind die fundamentele prosesse baasraak."[53] Ook mej. E.M. Olivier, destyds waarnemende kindertuininspektrise, het haar in 1956 oor die bevordering van leerlinge uitgespreek. Volgens haar wil dit voorkom asof dit as reël aanvaar behoort te word dat dit 'n hoë uitsondering moet wees as 'n kind méér as twee jaar in substanderds A en B deurbring. As 'n kind in st. I kom, „word dit as die belangrikste tyd beskou vir bevordering. Hier geskied die sifting."[54]

Ons kan nie heeltemal met die 79.4% van die respondente saamstem wat van mening is dat dit vir leerlinge wat die werk moeilik vind, die beste is om in subst. A te druip nie. Sodanige leerlinge het dikwels net spesiale aandag nodig en behoort remediërende onderwys te kry. Aan die ander kant sal daar altyd leerlinge wees wat eenvoudig nie aan die einde van hul eerste jaar op skool na subst. B bevorder kan word nie, net soos daar ook leerlinge sal wees wat aan die einde van subst. B behoort te druip. Die Onderwysdepartement se standpunt is soos volg:

> Dit sal feitlik 'n uitsondering wees dat 'n kind vir twee jaar in substanderd A gehou sal word, en daar mag dikwels klasse wees waarin dergelike gevalle glad nie voorkom nie.[55]

Indien elke grensgeval deur die skoolhoof, in oorleg met die omgangsinspekteur en met behoorlike inag-

---

53) Liebenberg, D.J. Verslag van 'n toespraak. <u>Die Unie</u>, 53 : 121, Okt. 1956.

54) Olivier, E.M. Ons moeilikhede in die kindertuin. <u>Die Unie</u>, 52 : 317, Mei 1956.

55) Inleiding tot die leerplanne en wenke by die onderwys, dl. I, 4e dr., 1963, p. 39.

neming van die klasonderwyser(es) se aanbeveling, oorweeg word, is dit baie onwaarskynlik dat enige leerling veronreg sal word.